# Module 1 Hersieningsmemorandum

*Leerdersboek bladsy 36*

Voorgestelde antwoorde

1. C; die G8-beraad is nie ’n wêreldwye sportbyeenkoms nie. ✓ (1)

2.1 Politieke situasie: verwys na wat in die politiek van ’n land aan die gang is ✓ (1)

2.2 Onvoorsiene gebeurtenisse: gebeurtenisse wat onvoorspelbaar is, ons verwag dit nie, of weet nie dat dit gaan gebeur nie ✓ (1)

2.3 Wêreldwye gebeurtenis: ’n gebeurtenis wat só groot en belangrik is dat dit die hele ekonomie van die gasheerland beïnvloed. ✓ (1)

3. Enige VIER van die volgende:
Lok toeriste na die gasheerland✓
Adverteer die gasheerland✓
Ekonomiese hupstoot (groter inkomste, meer werkgeleenthede, meer beleggings, hoër buitelandse valuta-inkomste)✓
Ontwikkeling van infrastruktuur✓
Belegging✓
Vermenigvuldigingseffek✓
Inkomste van buitelandse valuta ✓ (4)

4.1 Waar ✓ (1)

4.2 Onwaar; wêreldwye gebeurtenisse kan ’n negatiewe impak op die gasheerland meebring, byvoorbeeld hoër pryse van goedere en dienste, omgewingskending soos meer geraas en rommel. ✓ (1)

**Totaal: 10 punte**

Oxford University Press Southern Africa (Edms.) Bpk. 2013